2002

VOLKSBLAD 11 Julie 2002 (Gert Coetzee)

"Die Callie Human verdonker skielik. In die kollig verskyn sy in glinster-swart en pers. Laurika Rauch weergalose musiekvrou. Saam met die AngloGold-koor, Vrystaters met stemme van goud, sing sy *Die ballade van Jakob F. De Beer*. So begin *Laurika en die Manne* op die Volksblad-kunstefees in Bloemfontein. Maar dit kon net sowel die hemel gewees het. Een na die ander roep Manie Kitching, seremoniemeester, die manne. Eers is daar Coenie de Villiers...Hierna kom Anton Goosen...Volgende is Vusi Mahlasela... Toe hy, Laurika en die AngloGold-koor saam sing, lig die dak nog hoër... Valiant Swart, die Mystic Boer, en Laurika sing hierna, in haar woorde, sy beautiful *Sonvanger*. So kom die manne een ná die ander, Richard en Lochner, André Swiegers en Wouter van de Venter. Dit is 'n aand van pret, nostalgie en huldeblyke. Die Callie Human het nie meer 'n dak nie. Die toejuiging hou nie op nie. Nog nooit was daar so iets in Afrikaanse musiek nie. Dit was 'n aand uit die hemel."

SOUTH AFRICA TIMES, LONDEN 17 Julie 2002 (Elizma Nolte)

"Daar is geen twyfel daaraan dat die grootste trekpleister by van jaar se KWV Ukkasie Kunstefees Laurika Rauch is nie. En dis geen verbasing dat haar twee vertonings lankal reeds uitverkoop het nie – haar verhoogvertonings verkoop allermins in SA ook steeds soos soetkoek uit en sy word alom beskou as een van Suid – Afrika se grootse liedjiemakers... As ek daarop wys dat sy ietwat van 'n ikoon in Suid-Afrika is, lag Rauch bloot droogweg."

DIE HUISGENOOT 12 September 2002 (Marianna Malan)

Laurika Rauch – *Vier seisoene kind* 8/10
"'n Spinnekop het gesorg vir die titelsnit. Gian (Groen) Hanekom het dit geskryf ... Die liedjies pas almal Laurika se stem soos 'n handskoen. Tog is dit asof die twee van David kramer, *'n Man Stap* en *Krisjan Swart*, en Chris Torr se *Halfpad om die Son*, net meer nommer pas is as die res. Soms kan 'n mens dadelik 'n treffer op 'n album uitwys. Met dié een is dit moeiliker. Dis eerder 'n trefferalbum as 'n album met een of twee treffersnitte."

DIE BURGER 25 September 2002 (Margot Luyt)

"Diva, prima-donna, grande dame ? Noem haar enige van die bogenoemde, want Laurika Rauch is 'n uiters doelgerigte en hoogs begaafde kunstenaar – een van die gelukkige kunstenaars wat saam met haar ruim talent ook 'n besondere intellek gekry het... Rauch se nuwe CD, *Vier seisoene kind*, is bekendgestel, maar uiteindelik was dit die persoonlikheid en statuur van hierdie kunstenaar wat weer getref het. Sy het vertel dat sy nou 25 jaar sing. Wat sy nie vertel het nie, is dat sy reeds as student baie suksesvol op die verhoog opgetree het."

BEELD 28 September 2002 (Mandy Rossouw)

“Veilig in die wete dat sy niks het om te bewys aan haar bewonderaars wat die Elgrosaal volgepak het nie, kon Laurika Rauch haar eergisteraand net op die verhoog geniet. En sy het. Geklee in ‘n eenvoudige swart uitrusting groet sy die gehoor asof sy hulle elke dag sien. Hulle skater vir haar danspassies op die verhoog. Sy vergeet nooit waar haar hulp vandaan kom nie en laat gereeld vir Wouter van de Venter, Clinton Waring en Leon Ecroignard toe om hul musikale uitnemendheid ten toon te stel Maar haar standaarde bly hemelhoog... Want Laurika se gewildheid word nie toegeskryf aan eksperimentele instrumentalisasie of aweregse klanke nie. Net suiwer musiek. Vir haar lê ware skoonheid in eenvoud... Karen Zoid se *Ek en jy* bewys Rauch se vermoë om aan te pas by Afrikaanse musiek se diversiteit, maar sonder om haar unieke styl te prys te gee... Met breë glimlagte en ‘n traan hier en daar staan die gehoor om Rauch en haar orkes te groet. Om *bye* te sê vir ‘n ou vriendin en haar *funky* pelle.”